

Graad 3

3.1. Ons visie in Graad 3

Hierdie gids vir Graad 3 is nie 'n beleidsdokument nie. Elke klas is anders, verskillende onderwysers bied vakke verskillend aan, en die riglyne wat hierin vervat is, is dus nie beleid nie.

Graad 3 lê die grondslag vir die Intermediêre en Senior Fases (Graad 4-9). In Graad 3 beklemtoon ons dus houdings en waardes wat die kinders sal help in die komende skooljare. Ons wil dus graag hê die kinders moet 'n mate van onafhanklikheid aanleer, sodat hulle leer om op hul eie te begin werk, met ondersteuning van onderwysers en ouers. Verder is die kind se emosionele en sosiale ontwikkeling, en insig in hul eie sterk punte en areas vir ontwikkeling, baie belangrik. Daar word klem gelê op die hantering van sosiale interaksies, konflik, sukses en mislukking.

Kinders moet in Graad 3 leer dat foute aanvaarbaar is, en dat mens leer uit jou foute en uit die sukkel om iets reg te kry. Die vermoë om foute te hanteer is belangriker as die foute self, en belangriker as die punte wat hulle kry. Onderwysers probeer dus om hierdie soort gesprekke met die Graad 3's te hê, en beklemtoon die waarde van harde werk en hard probeer.

3.2 Assessering in Graad 3

(Sien asseblief die Akademiese en assesseringsbeleid op die webwerf vir meer besonderhede: <http://www.jvrprim.co.za/files/Akademiese%20en%20Assesseringsbeleid.pdf>)

Ons volg die amptelike beleid (KABV) se assesseringsprogram. Assessering is 'n integrale deel van die onderrig siklus, omdat dit aan onderwysers uitwys waar daar probleme is wat aangespreek moet word.

Die formele assesserings neem baie klastyd in beslag. Kinders hoef nie tuis spesifiek voor te berei daarvoor nie. Die onderwyseresse doen toetsvoorbereiding in die klas waar hulle die kinders blootstel aan verskillende vraagtipes en om op die uitkyk te wees vir "leidrade" soos die korrelasie tussen hoeveel punte 'n vraag tel en hoeveel sinne geskryf moet word. Baie kinders sukkel om te verstaan wat die vraagwoorde beteken, en wat eintlik van hulle vereis word. In Graad 3 is dit natuurlik nog op 'n basiese vlak, maar konsepte soos lees/interpreteer/analiseer/gee weer, ens word ook in die klas hanteer om hulle hiermee te help.

Die huiswerk dien ook as deurlopende voorbereiding vir formele assesserings, want daar is bv voorbeeldsomme op die Wiskunde-werksvelle. Taalvraestelle sluit taal, leesbegripsvrae, geskrewe gedeeltes en klanke in, wat alles deur die huiswerk gedek word.

Formele assesserings toets die toepassing van basiese vaardighede wat hulle reeds in Graad 1 en 2 geleer het. Nou moet die kinders hierdie vaardighede toepas, met minder ondersteuning van die onderwyseres: in Graad 1 en 2 word die toetse nog mondelings gelei deur die onderwyseres, maar in Graad 3 moet die kinders meestal die vraestel onafhanklik lees en interpreteer.

Informeel assesserings is meestal take wat in klastyd gedoen word.

In Graad 3 is daar 'n moontlikheid dat die leerders in September die Annual National Assessment (ANAs) wat deur die nasionale onderwysdepartement opgestel word, geskryf word. In Oktober word die Wes-Kaapse Onderwysdepartement se sistemiese toetse geskryf. Beide hierdie stelle toetse is vir Wiskunde en Taal, en kinders hoef nie spesifiek vir enige van hulle voor te berei nie. Die uitslae van dié toetse is van sistemiese waarde, en help die skool om te bepaal hoe ons vaar teen ander skole in ons onderwyskring, -distrik en die provinsie.

3.3 Huiswerk in Graad 3

Die Graad 3-kurrikulum is ongelooflik vol, en die hoofdoel van huiswerk is vaslegging van die nuwe vaardighede of inhoud wat in die klas onderrig word.

Die huiswerk word op 'n Maandag vir die week gegee. Ouers kan dus hul diskresie gebruik en as 'n kind regtig 'n slegte dag het, of 'n dag wat net eenvoudig te vol is met ander aktiwiteite, kan die huiswerk af en toe oorgeslaan word met rede deur ouer gekommunikeer. Die idee is om vir kinders sosiale en lewensvaardighede aan te leer – hardwerkendheid, mededeelsaamheid, en onafhanklikheid. Huiswerk dra by om die Graad 3's te help om insig te verwerf in hul eie vermoëns, bv as 'n kind die volgende dag vir die onderwyseres sê: "Juffrou, ek het gister die maaltafels net eenmaal deurgegaan en ek sien nou dit was nie genoeg nie", sal dit beskou word as 'n belangrike leeroomblik.

Die leuse is: "Work Smart – Not Hard". Dit beteken dat ouers betrokke genoeg moet wees om te weet wat die kind reeds baasgeraak het, en daarom self te kan oordeel of iets wat vir huiswerk gegee is oorgeslaan kan word, of aan die ander kant meer herhaal moet word as wat die huiswerk voorskryf. Laat byvoorbeeld die kinders soms hul skryfwerk in die lug of in die sand doen as hulle afgesit word deur die idee om by die tafel te sit en werk.

Die volgende huiswerk word gereeld gegee:

- Afrikaans: Taal (klank of spel), Lees
- English First Additional Language: Reading, phonics, high frequency/common words/language
- Wiskunde: praktiese Wiskunde (volume, massa, breuke, geld, tyd, ens), werkvelle wat basiese vaardighede insluit, en woordsomme.

3.4 Ouers se rol in Graad 3

Ouers se rol is om die kinders te ondersteun en aan te moedig. Praat jou kind moed in, en gee raad sonder om die werk namens die kind te doen. Wees ondersteunend ten opsigte van die skool, en bespreek enige probleem direk met die klasonderwyseres.

Naweke en vakansies is eerstens vir rus en vrye spel, maar as ouers hul Graad 3's kan oortuig om te lees, en as dit vir hulle pret is, is lees 'n uitstekende opvoedkundige tydverdryf. Dit is egter van net soveel opvoedkundige waarde om met maats te speel, spesifiek buite. Gesinsuitstappies of – aktiwiteite is vir kinders heerlik, en kan selfs as beloning gebruik word vir goeie gedrag. Dit is belangrik dat reëls rondom skerm-tyd (TV, tablette, Playstation, X-box, ens) nie heeltemal verslap tydens naweke en vakansies nie.

3.5 Kinders se rol in Graad 3

Die reëls vir klaswerk in Graad 3 is baie eenvoudig:

- Neem jou maats in ag, en respekteer die feit dat almal teen hul eie pas werk.
- Luister na opdragte.
- Lees 'n vraag ten minste driemaal deur voordat jy begin om dit te beantwoord.
- Lees jou werk ná die tyd versigtig deur om foute uit te skakel.

Verder is dit in Graad 3 belangrik dat kinders bewus moet word van die gevolge van hul aksies: dis nie altyd genoeg om “jammer” te sê nie, en nie alle foute kan reggemaak word nie. Hierdie insigte is belangrik vir hul keuses en gedrag vorentoe.

3.6 Onderwysers se rol in Graad 3

Die onderwysers gee deurgaans baie ondersteuning, en aanvanklik baie leiding. Met die verloop van die jaar word sekere verantwoordelikhede aan die kinders oorgegee ten einde hulle meer selfstandig te maak.

3.7 Leerderondersteuning in Graad 3

Die graad 3-leerders word gedurende die eerste twee weke van skool deur die leerderondersteuningsonderwyseres geassesseer om leemtes te identifiseer. U sal 'n brief ontvang indien u kind ekstra leerderondersteuning gedurende skooltyd moet ontvang. Die klasonderwyseresse sal enige probleem wat hulle gedurende die jaar raaksien met die ouers bespreek en 'n aanbeveling maak dat die kind 'n spesifieke professionele persoon behoort te sien vir die identifikasie en behandeling van die probleem (bv die skoolsielkundige, of 'n arbeidsterapeut).

3.8. Die kurrikulum in Graad 3

Volgens die Kurrikulum –en assesseringsbeleid is daar vier vakke in Graad 3:

1. Huistaal (Afrikaans), met die volgende vaardighede:
 - Luister en Praat
 - Lees en Klanke
 - Skryf en Handskrif

Vir Afrikaans dien leestukke as die wegspringplek vir taalvrae, begripsvrae, skryfopdragte/kreatiewe skryf, opsommings, ens. Die Tale-program word met al die ander vakke geïntegreer. Taal word oor die kurrikulum heen in alle mondelinge, lees- en skryfwerk gebruik. Baie van die luister- en praatvaardighede word ontwikkel in Wiskunde en Lewensvaardighede.

2. English First Additional Language, with the following skills:
 - Listening and Speaking
 - Reading and Phonics
 - Writing and Handwriting

In Graad 3 verskuif die klem in Engels vanaf luister en praat na lees, en veral na skryfvaardighede en taalreëls. Aan die einde van Graad 3 verwag ons dat die kinders tussen 8 en 10 sinne kan skryf, min of meer korrek.

3. Wiskunde bestaan uit VYF inhoudsareas. Elke inhoudsarea dra tot 'n spesifieke vaardigheid by. Dié areas is as volg:
 - Getalle, bewerkings en verwantskappe
 - Patrone, funksies en algebra
 - Ruimte en vorm (Geometrie)
 - Meting
 - Datahantering

Die area wat die meeste gewig dra en waaraan die meeste tyd spandeer word, is getalle, bewerkings en verwantskappe. Dit sluit die basiese bewerkings in soos optel en aftrek, maal en deel. Hierdie basiese vaardighede moet tuis ingeskerp en geoefen word, sodat dit vir die kinders teen die einde van Graad 3 heeltemal outomaties kom. Dit lê die grondslag van die meer komplekse werk wat hulle van Graad 4 af doen. Dit is belangrik dat die kinders byvoorbeeld die maaltafels memoriseer – hulle moet dit op die punte van hul vingers ken.

4. Lewensvaardigheid (Aanvangskennis, Persoonlike en sosiale ontwikkeling, Skeppende Kuns en Liggaamlike Opvoeding)
 - Dié vak is die middelpunt vir die holistiese ontwikkeling van kinders. Dit het betrekking op die sosiale, persoonlike, intellektuele, emosionele en fisiese groei, en manier waarop dit geïntegreer word.
 - Lewensvaardigheid is 'n vak wat oor verskillende terreine heen sny en ondersteun en versterk die onderrig van Wiskunde en Taal in Graad 3.
 - As deel van Lewensvaardighede kry Graad 3's ook die geleentheid om die rekenaarsentrum te besoek, waar hulle rekenaarvaardighede aanleer.
 - Daar is een LO-periode per week.
 - Rekenaars, Kuns en LO word deur vakspesialiste aangebied.

Graad 3's besoek weekliks die Biblioteek, waar hulle meer van biblioteekpraktyk leer en boeke uitneem wat na die klas geneem word om in vrye tyd te lees. Hulle word ook in hierdie tyd voorgestel aan basiese, daaglikse isiXhosa.